## Vraag 1: Literêre en nie-literêre teks [15]

**Sipho eet!**

1 Sipho en sy gesin is baie lief vir lekker kos.

2 Op koue winterdae maak Sipho se ouma vir hulle 'n lekker groot pot sop.

3 Hulle eet die groentesop saam met vars brood.

4 Ma geniet dit om op reëndae pannekoek vir hulle te bak. Dan eet pa en Sipho lekker warm soet pannekoek met genoeg suiker op.

5 Sipho hou daarvan om sy ma met die maak van lekker kos te help.

6 Ontbyt by die huis eet hulle almal as gesin saam. Hulle eet gereeld mieliepap en eiers vir ontbyt.

7 Tydens die vakansie word Sipho bederf en koop oupa vir hom wit vanieljeroomys by die see.

---

1.1 Wie is die hoofkarakter in die storie? (1)

A. Sipho se ma
B. Oupa
C. Sipho
D. Ouma

---

1.2 Hoe word die sop gemaak? (1)

A. In 'n klein pot gemaak
B. In 'n groot pot gemaak
C. In die oond gemaak
D. In 'n pan gemaak

---

1.3 Is die volgende stelling WAAR of VALS?

Daar word in die winter 'n pot sop gemaak. (1)

A. Waar
B. Vals
C. Soms
D. Nooit

---

1.4 Is die volgende stelling WAAR of VALS?

Sussie bak op reëndaag pannekoek. (1)

FROZENFOCUS EDUCATION SCHOOL

LIVEWORKSHEETS

A. Waar
B. Vals
C. Soms
D. Net in die somer

---

1.5 Wanneer bak ma pannekoek? (1)

A. Op koue dae
B. Op sonnige dae
C. Op reëndaag
D. In die vakansie

---

1.6 Die warm pannekoek word geëet met ... bo-op. (1)

A. sout
B. botter
C. konfyt
D. suiker

---

1.7 Wat eet hulle vir ontbyt? (1)

A. Pannekoek en stroop
B. Mieliepap en eiers
C. Sop en brood
D. Roomys en koek

---

1.8 Wat koop oupa vir Sipho? (1)

A. Sjokolade
B. Koek
C. Vanieljeroomys
D. Aarbeiroomys

FROZENFOCUS EDUCATION

---

1.9 Waar hou oupa en Sipho vakansie? (1)

A. By die berge
B. By die see
C. Op 'n plaas
D. In die stad

---

LIVEWORKSHEETS

1.10 Watter kleur is die roomys? (1)

A. Bruin
B. Wit
C. Pienk
D. Groen

---

1.11 Waarmee help Sipho sy ma? (1)

A. Hy help haar tuin maak
B. Hy help haar kos maak
C. Hy help haar inkopies doen
D. Hy help haar wasgoed was

---

1.12 Wanneer in die dag eet mense ontbyt? (1)

A. Laat in die aand
B. Middag
C. Vroeg in die oggend
D. Voor slaaptyd

---

1.13 Dink jy Sipho hou van sy oupa en ouma? (1)

A. Ja, want hy geniet vakansie by die see saam met hulle.
B. Nee, want hy eet nie hul kos nie.
C. Nee, want hy help nie sy ma nie.
D. Ja, want hy hou nie van kos nie.

---

FROZENFOCUS®
EDUCATION

1.14 Wie koop die roomys vir Sipho? (1)

A. Sy ma
B. Sy pa
C. Sy ouma
D. Sy oupa

---

1.15 Het jy van die storie gehou? (1)

A. Ja, want dit gaan oor kos en familie.
B. Nee, want dit gaan oor sport.
C. Ja, want dit is 'n hartseer storie.
D. Nee, want dit gaan oor diere.

---

LIVEWORKSHEETS

## Vraag 2: Visuele Teks [10]



2.1 Watter dier sit by die tafel? (1)

A. ’n Kat
B. ’n Hond
C. ’n Voël
D. ’n Vis

2.2 Wat is die vorm van die yskas? (1)

A. Rond
B. Driehoek
C. Reghoek
D. Vierkant

2.3 Die man dra ’n bril om beter te kan …? (1)

A. hoor
B. praat
C. sien
D. lees

FROZENFOCUS EDUCATION

LIVEWORKSHEETS

2.4 Watter dier sit op die yskas? (1)

A. Voël
B. Vis
C. Vlieg
D. Hond

---

2.5 Die dogter langs die hond … op die stoel. (1)

A. lê
B. sit
C. staan
D. spring

---

2.6 Hoeveel kinders sien jy op die prent? (1)

A. Twee
B. Drie
C. Vier
D. Vyf

---

2.7 Is die volgende sin WAAR of VALS?

Daar is twee seuns, twee dogters en twee diere op die prent. (1)

A. Waar
B. Vals
C. Soms
D. Onbekend

FROZENFOCUS®
EDUCATION

---

2.8 Watter kleur is die koekies? (1)

A. Swart
B. Wit
C. Rooi
D. Bruin

---

2.9 Is daar genoeg klein koekies vir almal? (1)

A. Nee, daar is net drie koekies.
B. Ja, daar is ses kinders en ses koekies.
C. Ja, daar is ses kinders en vier koekies.
D. Nee, daar is meer kinders as koekies.

LIVEWORKSHEETS

2.10 Hoekom steek die hond sy tong uit? (1)

A. Hy is moeg.
B. Hy is bang.
C. Hy kry warm en wil die koekies eet.
D. Hy blaf.

## *Vraag 3: Opsomming [5]*

A. Daarna op reëndae maak mamma vir hulle pannekoek. (1)

B. Sipho help sy ma. (1)

C. In die begin is dit winter en ouma maak sop. (1)

D. Op die einde bederf Oupa vir Sipho met 'n roomys. (1)

E. Die gesin eet ontbyt saam. (1)

| 3.1. | 3.2. | 3.3. | 3.4. | 3.5. |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

## *Vraag 4: Taal in konteks [10]*

4.1 Gee die meervoud vir hond. (1)

Een hond, baie ______________________

4.2 Skryf 'n sinoniem vir familie uit paragraaf 6 neer. (1)

familie – ___________________________

4.3 Skryf die teenoorgestelde van warm. (1)

warm – ___________________________

FROZENFOCUS EDUCATION

LIVEWORKSHEETS

4.4 Vul die regte voornaamwoord in die volgende sin in. (1)

Sipho het 'n roomys. Dit is sy roomys.
Die roomys is ______________________.

---

4.5 Verbind die volgende twee sinne met die voegwoord want. (1)

Sipho is baie gelukkig. Oupa koop roomys.

Antwoord: ____________________________________________

---

4.6 Onderstreep die bywoord in die volgende sin. (1)

Sipho het die hardste gelag.

Antwoord: ____________________________________________

---

4.7 Vul die leesteken(s) in. (1)

Het jy vergeet ______

---

4.8 Voltooi die sin deur die regte voorsetsel in te voeg. (1)

Daar is lekker warm sop __________ die pot.

---

4.9 Kies die korrekte spelling. (1)

Sipho se ma maak mieliepap en eiers vir (ontbyd / ontbyt) om te eet.

Antwoord: ____________________________________________

---

4.10 Verdeel die volgende woord in lettergrepe. (1)

pannekoek → __________________________

---

FROZENFOCUS® EDUCATION

LIVEWORKSHEETS